Geliefde Lourensrivierder

Hoop julle het Erfenisdag behoorlik gevier met ‘n ordentlike BRAAI waar die vetjie so blink om die mond sit en dat dit ‘n verkwikkende langnaweek was 😊 Ek glo ‘n paar van julle tel nou lekker stoom op na die skoolvakansie wat roep♫♫

Ek bid vir jou toe, ‘n tyd van rus en vrede vir jou siel en dat die Here se goedheid en guns met jou sal wees waar jy en/of die kinders ookal gaan (al moet jy ook op kantoor sit en swoeg). Dit laat my sommer aan Psalm 23 dink en daarom deel ek die Griekwa weergawe met jou wat my so hoendervel gee...

NUUSKRUMMELS: 28 SEPTEMBER 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

SENDINGNUUS UIT TRANSKEI

Sam Dandala en sy gesin kom weer gemeentes besoek namens die VGK Decoligny gemeente vanaf 15 - 22 Oktober.

Hy sal die oggend van 15 Oktober by Lourensrivier die boodskap bring.

Die van julle wat kan onthou van sy vorige preek, sal weet dat hy aan die brand is vir die Here. Hulle het mos ook laasjaar September hul seuntjie hier gedoop. Enige iemand is welkom om Sam & Amanda te nooi om by hul omgeegroep, kleingroep of Bybelstudiegroep te kom gesels of sommer net by julle as gesin op ‘n persoonlike vlak.

Hulle het baie bemoediging en ondersteuning nodig aangesien daar ook maar uitdagings is met hul bediening daar in Transkei.

Indien iemand Sam graag wil nooi, kontak asb vir Ds Willem Botes by 083 658 2154 / 021 854 4620 of wgpbotes@gmail.com

LAPPIESBOONTJIES nou weer beskikbaar in die kerkkantoor (021 853 5991) @ R45 per kg

Dit maak die lekkerste boontjiesop asook sousboontjies. Hier is sommer ‘n lekker sousboontjieresep 😊 (sowat drie 250 ml-flesse)

250 g droë boontjies
50 ml suiker
100 ml asyn
10 ml sout
3 ml fyn swartpeper
50 ml botter

METODE

Was die boontjies (haal al die "klippies" uit) en week hulle oornag. Dreineer en plaas in ’n kastrol. Bedek met water en kook tot sag. Moenie sout byvoeg terwyl dit kook, anders kook dit nie sag nie. Voeg die ander bestanddele by sodra die boontjies sag is en die water heelwat verminder het. Die gereg moet souserig wees.

Vul gesteriliseerde flesse met jou sousboontjies.

deur Barbara Joubert uit Sarie

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

HERVORMDE KERK: JAARLIKSE BASAAR (SAAMSTAAN FEES) OP DIE 30STE SEPTEMBER

Dit word gehou in Lourensrivier se kerksaal. Tyd om te baljaar!
Almal oud en jonk word vriendelik uitgenooi en is baie welkom.
Kontak: Douw Steyn @ 0713821900 of 0218554868 (h)
Epos: douwsteyn@gom.co.za

TE KOOP

VRYDAG, 29 SEPTEMBER 2017

GROENBOONTJIEBREDIE

R40.00 vir 500ml bakkie

EN

KERRIE EN RYS
R30.00 vir 350ml bakkie

EN

JAFFELS GEVUL MET MAALVLEIS
R12

Plaas asseblief so gou moontlik bestelling by Susan

CANSA
RELAY FOR LIFE
HELDERBERG

24th&25th February 2018

CANSA Relay For Life is a community owned volunteer fundraising initative for the Cancer Association of South Africa

Indien jy aan hierdie wonderlike projek wil deelneem, betrokke wil raak of meer inligting nodig het, kontak: Lucille Kruger (Team Chairperson) 0729286135

BERG 80 VERJAARSDAE: OKTOBER 2017

LET WEL: Ouderdom op lys is die huidige ouderdom

Van	Noemnaam	Verjaar	Ouderdom
Cruywagen	Christo	10/02	82
Du Plessis	Erika	10/03	80
Grobbelaar	Faureen	10/03	81
Du Plooy	Pieter	10/10	85
Henning	Gideon	10/10	81
Stassen	Alida	10/11	80
Geldenhuys	Hettie	10/12	84
Mostert	Anna	10/14	82
Louw	Anna	10/24	83
Jooste	Christie	10/26	84
Dreyer	Garies	10/30	80

VEELS GELUK!

Num 6: 24-26
“Die Here sal julle seën en julle beskerm;
die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

KNIEWERK:

- Bly bid asseblief steeds vir reën en vir die boere wat swaarkry, maar bowenal, bid asseblief dat mense opreg na God draai en hul lewens daarvolgens verander.
- Kankerbehandeling: Owen Wallis; Annette Laten
- Jan Volschenk word tuis versorg. Bid asb vir genesing na bestraling
- Piet Nortje se gesondheid gaan agteruit
- Ons innige meegevoel met Karien Verster en familie met die heengaan van haar man, Tienie
- Hennie Langenhoven gaan vir 'n rugoperasie op 4 Oktober 2017 in Durbanville Mediclinic
- Donald van Rensburg in hospitaal

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

BELOFTEROLLE:

Ons wil jou graag uitnooi om Sondae agter in die kerk vir jou 'n belofterol te neem. Dit is gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

GEBEDSTEMA VIR OKTOBER:

Dit gaan oor beloftes wat God in Sy Woord vir ons gee oor verskeie aspekte.
Ons moet die beloftes gebruik wanneer ons bid – dit ons eie maak en vashou daaraan.

Week 1: Beloftes dat God teenwoordig is in ons lewens

- Matteus 28:20 - En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding vd wêreld.
- Jesaja 43:5 - Moenie bang wees nie, Ek is by jou …
- Psalm 23:4 - Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In U hande is ek veilig.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 1 OKT SE BOODSKAP: FIL 2:1-13

(SEWENTIENDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

"Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het Sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef & Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel & op die aarde & onder die aarde is, die knie sou buig, & elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader."



KYK HOE BLY GOD SE WOORD DIESELFDE....

Romeine 14:11-12

"want daar staan geskrywe: "So seker as Ek lewe, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal bely dat Ek God is." Elkeen van ons sal dus oor homself aan God rekenskap moet gee."

Jesaja 45:22-23

"Kom na My toe dat julle gered kan word, almal op die aarde, want Ek is God, daar is geen ander nie. Ek lê 'n eed af in my eie Naam, wat Ek sê, is betroubaar, dit is 'n woord wat nie onvervul sal bly nie: voor My sal elke knie buig, in my Naam sal elke tong 'n eed aflê."

Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid (Hebreërs 13:8)
In Hebreërs 1:8&12 lees ons: "Maar van die Seun sê Hy (8): … Maar U, U bly dieselfde, en U jare het geen einde nie (12). Dit sê vir my..... Jesus kan ek vertrou!

OORGEE, OMGEE, AANGEE

Jackie@Lourensrivier